

6 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 17:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Lukas 17:6

“Gee ons meer geloof ...!”

Om 'n gelowige te wees, is nie altyd maklik nie – dit weet ons almal maar alte goed! Veral wanneer ons geloof voortdurend getoets word deur die omstandighede waarin ons lewe en die mense saam met wie ons lewe.

Die konteks van die apostels se vraag aan ons Here Jesus: “*Gee ons meer geloof*”, is (1) die gedagte dat 'n mens soms 'n struikelblok vir 'n medemens kan wees, (2) die vergifnis van 'n medebroer vir ongeoorloofde of verkeerde optrede en (3) die hantering van 'n werknemer of enigiemand oor wie jy aangestel is.

Byna elke dag bevind ons almal ons in die geselskap van 'n medemens, 'n medebroer en/of 'n werknemer. Of dit nou in die huis is, of in die tuin is, of by die werk of in die kerk is. Almal van ons word soms gekonfronteer met iemand wat jou geloof op die proef stel. En hoe dikwels druip ons nie hierdie toets vir ons geloof nie? Hoe dikwels sê en doen ons nie tog maar iets om 'n medemens te laat wonder oor die egtheid van ons geloof nie? Hoe dikwels koester ons nie negatiewe gedagtes en gevoelens teenoor 'n medebroer of -suster nie, wat dalk iets vir ons gesê of iets teenoor ons gedoen het nie? Hoe dikwels hanteer ons nie maar ons huis- en tuinhulpe of werkers onregverdig en onmenslik soos slawe nie?

Gee ons meer geloof, o Here!

Gee ons meer geloof ... groter as die mosterdsaadjie, sodat ons geestelike en nie ons vleeslike nie kan seëvier in ons lewe.

Gee ons meer geloof ... groter as die mosterdsaadjie, sodat ons geloof ons gedrag bepaal teenoor ons medemens en medebroer en dié oor wie U ons gestel het!

Gee ons meer geloof ... groter as die mosterdsaadjie, sodat ons onder leiding van u Woord en Gees gehoorsaam kan wees aan u wil alleen – soos Jesus Christus, ons Here!

Sing: Psalm 119:1-3 (Totius)

Ds. OJ Struwig (Delmas)